Foto: Marius Venter from Pexels

Uit my hart,

Elke nuwe reis begin met ’n enkele tree. Met die grendeltyd oefen-regulasies het duisende Suid-Afrikaners op 1 Mei hulle tekkies aangetrek en met ’n nuwe reis begin - so tussen 06:00 en 09:00 soggens. Baie het begin stap, draf of fietsry.
Ons bly in Stellenbosch en is dankbaar vir al die mooi wandelpaaie en roetes in die berg hier op ons voorstoep. Ek is nie ’n oggendmens nie en moes noodgedwonge ’n kopskuif maak om vroeg uit die vere te wees vir die vroeg-oggend stap, om voor 09:00 weer tuis te wees. Wat ’n uitdaging! Die eerste kilometer of so word beslis nog so half deur die slaap gedoen.
Tog is dit die moeite werd... die kronkelpaadjies langs die Eersterivier is ’n lafenis vir die siel. Die bergpad met sy steil op- en afdraandes is ’n lekker uitdaging en dit is ‘n belewenis om in God se natuur te kan stap. Dit is so mooi.
Ons wissel dit af, een dag langs die rivier en die volgende dag die berg. Die bergpad begin op ’n gelyke stuk grondpad en lig effens in ’n opdraande en as jy om die draai stap dan “suffer” jy die steilte uit. Jy stel doelwitte...haal asem en byt vas tot by die draai, of tot by die volgende boom of baken en dan skielik is dit gelyk. Jy stap sommer makliker, haal diep asem en neem die mooi om jou in. Jy staal jou vir die volgende opdraande en ’n steil hoogte waar jy so effens moet klim, dan is die ergste verby. Nes jy dink die afdraande is maklik, lê die pad vol los klippe en jy moet mooi trap, vas trap om nie te gly of skeef te trap nie. As jy jou eindpunt bereik (soos die foto hier bo), is die uitsig asemrowend mooi en die klim, uitdagings en seer die moeite werd. Die laaste draai is maklik en lekker en skielik is die berg agter jou.

Die lewe is ook vol opdraandes, moeilike steiltes en los klippe en daar is steil afdraandes wat jou soos ’n magneet na onder trek. Pak die lewe se uitdagings aan soos ’n steil bergpad... stukkie vir stukkie. Haal asem. Rus en staan stewig in geloof sodat die los klippie jou nie laat struikel nie. Veilig wees...tot ons mekaar weer sien.

Riata Nel

Kniewerk

- Innige simpatie met Suzelle Steyn en gesin met die afsterwe van haar Moeder.
- Voorbidding vir Paul en Jean Louw. Paul is in hospitaal opgeneem.
- Voorbidding vir Bobbie Dippenaar vir gesondheid.
- Voorbidding vir Elsabé Dreyer, ernstig siek.
- Ons bid vir ds. Petrie vir sy geestelike videoboodskap.
- Ons bid vir almal wat terug is werk toe en die wat wag om weer te begin werk.
- Ons bid vir werksgeleenthede en geleenthede vir elkeen wat werk soek.
- Ons bid vir ons regering, die president, die medici en almal en ‘n kuur vir die virus.
- Ons bid vir elke liewe lidmaat in dié tyd van onsekerheid.

BID: Decoligny (2020-05-11)

BID:

- Te midde van talle negatiewe gesprekke, oordonderende nuusberigte en skokkende statistiek, raak mense al hoe meer paniekerig en groei die vrees by baie mense vir die Covid-19 virus. Dit veroorsaak teenoorgestelde optredes by mense: sommige mense kruip weg, bang om met ander kontak te maak, terwyl ander dit ignoreer en reken dat die virus nooit vir hulle sal siek maak nie en daarom steur hulle hul nie aan enige waarskuwings nie. Waar los dit die kerk, wat is die taak van die gelowige, die kerk? Die doel van die kerk is tog om die hoop van die God van hoop, aan die wêreld te bring. Daarvoor moet ons bid - ook vir die gemeente van Decoligny. Bid dat elke gelowige sal leef met hoop en vertroue in God alleen en daardie hoop sal uitleef.
- Bid vir soveel lidmate van Decoligny wat nie nou 'n inkomste het nie, omdat hulle nie kan werk nie. Bid vir die kinders wat nie nou kan skool toe gaan nie en in die woonbuurte ronddwaal en hulle geensins aan die gevaar van infeksie steur nie. Ons hoor berigte van jongmanne wat steeds soos voorheen die drinkplekke in die woonbuurte besoek en hulle nie steur aan waarskuwings nie.

INLIGTING:

- Mama Felicia van Sinethemba moet ernstige besluite neem rakende die veiligheid van Sinethemba se kinders. Daar is die gedagte dat die kinders op 5 Junie met vakansie na hulle huise kan gaan. Die vraag is nou of die ouers die kinders sal mag kom haal. Verder is daar ook die vraag dat indien die kinders na hul woonbuurte gaan, hoe veilig hulle daar sal wees t.o.v. Covit-19. Felicia sal eers met die personeel van die Kliniek gaan praat en raad vra. Sou die kinders na hul huise gaan, sal hulle getoets moet word voordat hulle terugkom om te verhoed dat die ander kinders en personeel van Sinethemba aangesteek word. Bid saam oor hierdie saak asseblief.
- Decoligny gemeente wil ook kyk hoe hulle kospakkies aan behoeftige lidmate kan gee in hierdie moeilike tyd.
- Die situasie met Sam se studies is ook baie onseker. Die datum waarop sy werkstukke ingehandig moet word, is reeds twee keer uitgestel - nou na Julie en Augustus toe. Omdat die Poskantoor gesluit is, kan sy studie materiaal nie afgelewer word nie en kan hy nie aangaan met voorbereiding nie.

DANK:

- Baie dankie aan almal wat tot dusver gehelp het om bydraes aan Sinethemba te skenk sodat daar vir die kinders kos gekoop kan word. Die situasie is baie moeilik omdat hulle tans geen bydraes van die ouers kry nie. Die personeel wat 24 uur van die dag, sewe dae van die week daar bly, moet ook nog 'n salaris kry om self te kan oorleef in hierdie tyd.
- Na die goeie reën wat in die Transkei geval het, kon Sinethemba se kinders groente in die tuin plant. Fekicia is baie dankbaar vir die heining wat verlede jaar opgerig is deur die groep van die Strand, wat help dat die diere nie die groente kan vreet nie.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154
wgpbotes@gmail.com

KERKWEES IN ’N TYD VAN CORONA-19

Kantoor (gesluit tot verdere kennisgewing) – ons werk van die huis af so kontak ons gerus!

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za
Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za

Eredienste:
’n Kort geestelike boodskap sal elke Vrydag voor 13:00 op Youtube, Facebook en die kerk se webblad gelaai wees.

Maandag – Vrydag manna:
Ons deel elke weeksdag ’n kort foto boodskap om te lees en te oordink, soos uit Oordenkings vir lidmate. U is welkom om dit met vriende en familie te deel.

Donderdag Nuuskrummels: Dié nuusbrief word elke Donderdag per epos uitgestuur.

Facebook:
Ons deel ’n verskeidenheid hulpbronne vir gesinne en individue oor die virus self op Facebook, asook riglyne en idees om te sorg vir ons geestesgesondheid in uitdagende tye soos die.

Offergawes:
Ons is dankbaar vir elkeen wat tot nou toe nog ‘n bydrae kon maak. Baie dankie!!

‘n Laaste woord:
Hou aan bid:
Bly bid vir ons land, sy mense en regering, die medici, versorgers en elke persoon wat ’n noodsaaklike diens lewer. Ons bid ook vir elke persoon wat siek is, wat met di virus gediagnoseer is en vir die mense wat alleen is in die tyd. Weet dat ons vir julle bid en beskikbaar is waar nodig
Mag julle in hierdie tyd elke dag God se genade en nabyheid ervaar!
Groete, Petrie, Charlene, Riata en Wessel.

GEBEDE VIR PINKSTER

GEBED VIR PINKSTER

(Sesde week van Pase 18-23 Mei)
1 Petrus 3:13-22

Lewe in liefde

Heer en Heiland, dankie dat U nie na my met veroordelende oë kyk nie, maar met liefde.
Jesus, gee aan my die genade dat ek ook met liefde en ‘n omgeehart na ander sal kyk.
Leer my om met goeie oordeel en respek op te tree, al doen ander dit nie met my nie.
Vredevors, leer my om self ’n vredemaker te wees.
Help my om vrede met ander te bewerkstellig deur liefdevolle optrede.
Dankie Here vir die doop as herinnering dat U my gedagtes reinig en ’n skoon gewete skenk.
Verwyder alles wat nie tot eer van u Naam is nie.
Ek loof en prys U dat ek gedurig uit u genade kan leef!
U nabyheid versorg my en u liefde gee my vrede.

BELOFTE

Die opstanding van Jesus uit die dood maak dit vir ons moontlik om in liefde te leef.

Aanhaling van die week:

Jo Black - Skepe

'N Skip word in ‘n hawe gebou.
'N Skip lyk in 'n hawe baie mooi vir my en jou,
Maar dis nie waarvoor skepe gemaak word nie
Die storms en die winde sal waai
Hys jou seile hoog, want een of ander tyd moet die tyding draai.
Laat die kompas van jou siel weer jou hart bepaal.
Kry jou maste reg, haal die anker uit,
In die rigting van die suiderkruis.
Ons is gemaak om uit te gaan
Op die golwe van die diepste oseaan.
Ons vind ons rigting in die sterre en die helder maan.
Ons is gemaak in hoop se naam.
Ons is gemaak om uit te gaan.
Die lewe sal jou gooi en jou rondruk.
Soms voel dit of jy sink, maar jy moet net jou voete soos Petrus vind.
En dalk net weer glo soos 'n kind.
Hou net koers, want soms kom die twyfel.
Dit gaan meer oor hoe jy opstaan en minder oor hoe jy struikel.
Moenie vrees as die waters rof raak nie.
Tel jou skouers op.
Voel jou hart weer klop.
Stuur jou skip nou deur die poorte.
Ons hoop is meer as net leë woorde.
Jy's in beheer van jou bestemming.
Hoe jy daar uitkom is jou eie besluit.

Source: Musixmatch

Songwriters: Johan Vorster / Christoph Kotze / Jo Black

Kyk die video hier:

https://www.youtube.com/watch?v=Mm7zRR1tF-8

Aandag aan alle uitstallers

Kersmarkte

Keuring sluitingsdatum 30 Mei 2020

Agv Covid-19 is Kersmarkte keuringsdag te NGK Lourensrivier-Strand op 30 Mei gekanselleer. Kersmarkte gaan egter DV voort met hul markte.
Keuring gaan deur elke mark self gedoen word dmv 'n volledige stel foto's van uitstaller se produkte met pryse.

LOURENSRIVIER FEESMARK 2020

VRY 23 OKT - SAT 7 NOV

Ons Feesmark is die ideale tyd en plek om ietsie spesiaal vir Kersfees vir jou hartsmense te koop, óf om jouself of iemand spesiaals met 'n unieke geskenk te bederf.

Dié mark is bekend vir sy gesellige atmosfeer, verskeidenheid produkte wat spesiaal met die hand vir jou uitgesoek is. Dames, kom kuier saam met jou hartsvriendinne, ma of dogter, of bring jou man en seuns saam vir 'n heerlike kuier-oggend.

Lourensrivier Gemeente Kerksaal, Hoek van Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand

FEESKAFEE elke dag, met smullekker versoekings!!

LAAI AANSOEKVORM & INLIGTING HIER AF:

LAAI AANSOEKVORM & INLIGTING HIER AF:

Vir Afrikaans kliek op die volgende link:

https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark Inligtingstuk en...

Vir Engels, kliek op die volgende link:
https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark Information and ...

Stuur asb. Lourensrivier Feesmark-aansoekvorm, tesame met 'n volledige stel foto's met pryse, na Annalie Möller by lourensrivierfeesmark@gmail.com. Net ingedagte hou - hoe meer foto's, hoe makliker kan keuring gedoen word.

Vir navrae kontak gerus vir Annalie Möller @ 072 269 6592 of die kerkkantoor @

(021) 853 5991

Die Helderberg Bikers 4 Charity reik uit na mense in ons gemeenskap. Hulle het die nodige dokumentasie en permitte om hulp te verleen. Ondersteun die aksie gerus. Mense kan kos donasies maak by Spar op die hoek van Broadway Boulwvard en Da Gamastraat, reg oorkant ons kerk of kontant oorbetaal. Kontak hulle gerus.

Helderberg Bikers 4 Charity is feeling inspired.
15 April at 14:43 ·

Dear Helderberg Friends
#HELDERBERGBIKERS4CHARITY WOULD LIKE TO HELP WITH THE BIG NEED FOR #FOODPARCELS IN THE #HELDERBERG DURING THE #LOCKDOWN. IF ANYONE WOULD LIKE TO ASSIST, DONATE OR GET INVOLVED, PLEASE CONTACT US, LIKE AND SHARE THIS POST.
We thank Hein and Conan of My SPAR **who are already involved**.
➡️Banking details & list of products underneath

➡️➡️Official letter is also available on this page for more information.

➡️Hier is 'n volledige lys van produkte wat geskenk kan word.
Die trollie vir skenkings is beskikbaar by My SPAR, h/v Broadway Boulevard en Da Gamastraat.

Bank Details:
Helderberg Bikers for Charity
Standard Bank, Helderberg Branch
Acc no : 036582042
Code : 033012
email : maraiscoen@gmail.com

Contact: Coen Marais
063 028 0708 (Whatsapp)

Lys van benodigdhede soos ingesluit in Standaard Kospakkie	
Koffie	Stock blokkies
Tee	Sout/Speserye
Suiker	Rys
Visolie	Pasta
Koekmeel	Pakkies Sop
Yeast	Split Peas
Mieliepap	Konfyt
Oatspap	Bovril
Long Life Melk	6 eiers
Bakebeans	Vars Brood
Blikkie gemengde groente	Koekie Seep
Blikkie tamatie en uiesmoor	Tandepasta
Blikkie Vis	Vars Groente
Blikkie beef	Vars Vrugte
Soya mince	Maalvleis

Geestelike Video-boodskappe: Ds. Petrie

Sondag 10 Mei
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=79R_0qwhw38&t=8s
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v1-10.pdf
Sondag 3 Mei
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=pUa0Prgq-AM
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v18-25.pdf
Sondag 26 April
Video Boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=d5LEiVf8F0k&fbclid=IwAR2KqwwIVKXZBNtP88qHcSVZYTAfrfOPisNKZgPAb9mMIxYhetpwJzlbZdI
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v17-23.pdf
Sondag 19 April:
Video-boodskap: https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRYiKbGoAVWSdivAExp_J_ZqlUAuWmR6-BSx13umqVI
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v3-9.pdf
Sondag 12 April - Paasfeesboodskap
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=DpBxPZIXYCU&t=7s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20_Paasfees_12_April_2020.pdf
Vrydag 10 April – Goeie Vrydag
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=kGQtludZ7W0&t=108s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes_52v13-53v12_-_Goeie_Vrydag_10_April_2020.pdf
Sondag 5 April
(Video is verwyder, sal later weer opgelaai word)
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_21v1-11.pdf

Geestelike Video-boodskappe: Ds. Bas Peters

Sondag 29 Maart 2020
Video verwyder – sal later opgelaai word
https://www.lourensrivier.co.za/images/27_Maart_2020.pdf
Sondag 22 Maart 2020
https://www.youtube.com/watch?v=-lkPtfXaQjM&t=6s
https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar_is_God_met_corona_virus_2020.pdf

VIDEO BOODSKAPPE TIJANE VISSER – LIFELINE YOUTH

https://www.youtube.com/watch?v=0mwHw-7wWwI
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2471590529819546/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/808790379644355/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjEyNDc2MjQyMjU2MjU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1112247929136933/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2553854564897562/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjAzNDAyNTc2NDk2OTU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1846330268835861/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2878453418916592/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMTkxNDUxOTc0MzU4Njg0/

VIDEO BOODSKAPPE CONSTANT VARLEY – LIFELINE YOUTH

https://www.facebook.com/watch/?v=217312626216227

VIDEO BOODSKAPPE ADRIAAN LAMBRECHTS

https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/838826366640430/UzpfSTE3MDA5NzE5MDAxMzk2MDE6MjU3MDk1OTY2NjQ3NDE0OQ/

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / https://www.lourensrivier.co.za/
Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings
Lifeline Youth https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/